

Identifisering van risikofaktore van seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne

L Roodt
11126639

Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes
vir die graad

Magister Artium

(Maatskaplike Werk in Forensiese Praktyk)

in die

Fakulteit Gesondheidswetenskappe

aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof CC Wessels

November 2014

DANKBETUIGINGS

Ek bedank graag die volgende persone vir hulle ondersteuning en onmisbare aandeel in my studies:

- My eggenoot, vir sy motivering en volgehoue ondersteuning.
- My twee dogters, vir hulle begrip en geduld.
- My familie, vir die hulp en ondersteuning met die versorging van die kinders in tye van nood toe ek nie beskikbaar was nie.
- Prof Cornelia Wessels, my studieleier vir haar kundige leiding, hulp en ondersteuning tydens die voltooiing van my studie.
- Al die respondente wat deelgeneem het aan die studie.
- My werkgewer en kollegas vir begrip en ondersteuning.
- Me Cecilia van der Walt vir taalversorging van die magisterartikel.
- My Hemelse Vader vir oneindige genade, helder verstand en die voorreg om hierdie kursus te voltooi.

OPSOMMING

Identifisering van risikofaktore van seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne

SLEUTELTERME

- Risikofaktore
- Seksuele misbruik
- Hersaamgestelde gesinne

Seksuele misbruik blyk 'n toenemende probleem te wees binne die gemeenskap. Met komplekse samestelling van hersaamgestelde gesinne kom seksuele misbruik binne hierdie gesinne toenemend voor.

Die doel van die studie is om risikofaktore in hersaamgestelde gesinne te identifiseer sodat maatskaplike werkers ouers kan bemagtig om seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne te voorkom.

Daar is van 'n doelgerigte steekproef gebruik gemaak waar semi-gestruktureerde onderhoude met ses deelnemers gevoer is om data te bekom.

Daar is bevind dat die risiko's vir seksuele misbruik in hersaamgestelde gesinne kompleks en multidimensioneel van aard is. Die risiko's wat duidelik na vore gekom het, was gesinsamestelling, interpersoonlike verhoudings, sosio-ekonomiese omstandighede, moeder se eie seksuele misbruik as kind asook maatskaplike wanfunksionering.

ABSTRACT

Identifisering van risikofaktore van seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne

KEYWORDS

- Risk factors
- Sexual abuse
- Stepfamilies

Sexual abuse seems to be an increasing problem within the community as well as within stepfamilies. The aim of this study is to identify risk factors for sexual abuse in stepfamilies to help social workers to enable parents to prevent intra-familial sexual abuse within stepfamilies.

Probability sampling was used with semi-structured interviews with six participants to collect data.

During the study it was found that the risks for sexual abuse in stepfamilies are a complex and multi-dimensional problem. The main risks identified were family composition, interpersonal relationships, socio-economic circumstances, and the mother's own abuse as a child as well as social functioning.

VERKLARING

Ek, Lisl Roodt verklaar dat die manuskrip met die titel: “**Identifisering van risikofaktore van seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne**” my eie werk is.

.....
L Roodt

.....
Datum

VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

Social Work/Maatskaplike Werk, 'n Vaktydskrif vir die maatskaplike werker, publiseer artikels, boekbesprekings en kommentaar op reeds gepubliseerde artikels uit enige gebied van maatskaplike werk. Bydraes mag in Afrikaans of Engels geskryf word. Alle artikels moet vergesel wees van 'n Engelse opsomming van nie meer as 100 woorde nie. Alle bydraes moet krities deur ten minste twee keurders beoordeel word. Beoordeling is streng vertroulik. Manuskripte sal na outeurs teruggestuur word indien ingrypende hersiening vereis word, of indien die styl nie ooreenstem met die tydskrif se standaard nie. Artikels van minder as 2000 woorde of meer as 10 000 woorde sal normaalweg nie oorweeg word vir publikasie nie. 'n Disket met die teks, verkieslik MS Windows, moet twee kopieë van die manuskrip vergesel. Manuskripte moet in 12pt "Times Roman" dubbelspasiëring slegs op een kant van 'n A4 bladsy getik word. Indien enigsins moontlik moet die manuskrip ook per e-pos versend word aan hsu@sun.ac.za. Verwysings moet volgens die Harvard-stelsel geskied. Verwysings in die teks: Wanneer woordelike sitate, feite of argumente uit ander bronne gesiteer word, moet die van(ne) van die outeur(s), jaar van publikasie, en bladsynommers tussen hakies in die teks verskyn, bv "(Berger, 1967:12). Meer besonderhede omtrent bronne moet alfabeties volgens die vanne aan die einde van die manuskrip onder opskrif "Bibliografie" verskyn. Let op die gebruik van hoofletters en leestekens.

VOORWOORD

Die artikelformaat is ooreenkomstig Regulasie A.7.5.7.4 vir die graad Magister Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk gekies. Die artikel voldoen aan die vereistes van die vaktydskrif Social Work/Maatskaplike Werk.

Die artikel bestaan uit 60 krediete uit 'n totaal van 188 krediete van die Magister Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk.

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS.....	I
OPSOMMING	II
ABSTRACT	III
VERKLARING	IV
VOORSKRIFTE AAN OUTEURS	V
VOORWOORD	VI
INHOUDSOPGAWE	VII
IDENTIFISERING VAN RISIKOFAKTORE VAN SEKSUELE MISBRUIK BINNE HERSAAMGESTELDE GESINNE	1
1. INLEIDING	1
2. PROBLEEMSTELLING	1
3. DOELSTELLING	4
4. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT	4
5. NAVORSINGSMETODOLOGIE	5
5.1 LITERATUUROORSIG	5
5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK	5
5.2.1 Navorsingsontwerp	6
5.2.2 Navorsingsmetode/Navorsingskonteks en	7
5.2.3 Etiese aspekte	9
6. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE	11
6.1 RISIKOFAKTORE	11
6.2 SEKSUELE MISBRUIK	12
6.3 HERSAAMGESTELDE GESINNE	12
7. LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK	12

8. BESPREKING VAN KWALITATIEWE DATA	12
8.1 TEMA 1: GESINSAMESTELLING	13
8.1.1 Subtema 1: Stiefdogters in die hersaamgestelde gesin	13
8.1.2 Sub-tema 2: Grootvaders in uitgebreide gesinne.....	14
8.2 TEMA 2: INTER PERSOONLIKE VERHOUDINGS	15
8.2.1 Sub-tema 1: Ma-dogterverhouding	15
8.2.2 Sub-tema 2: Stiefvader-stiefdogterverhouding.....	16
8.3 TEMA 3: SOSIO-EKONOMIESE OMSTANDIGHED	17
8.3.1 Sub-tema 1: Behuising	17
8.3.2 Sub-tema 2: Werksomstandighede	19
8.4 TEMA 4: MOEDER SE EIE ERVARINGE AS SLAGOFFER VAN SEKSUELE MISBRUIK	20
8.5 TEMA 5: ANDER MAATSKAPLIKE WANFUNKSIONERING	21
9. GEVOLGTREKKING	22
10. AANBEVELING	23
11. SAMEVATTING	24
12. BIBLIOGRAFIE	26
BYLAAG 1: BRIEF VAN GOEDKEURING	31
BYLAAG 2: TOESTEMMING VAN MAATSKAPLIKE WERKERS	32
BYLAAG 3: TOESTEMMINGSVORM.....	35
BYLAAG 4: VRAELYS	36

IDENTIFISERING VAN RISIKOFAKTORE VAN SEKSUELE MISBRUIK BINNE HERSAAMGESTELDE GESINNE

Professor Cornelia Wessels, verbonde aan die Vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

Lisl Roodt, Meestersgraadstudent in Forensiese Praktyk aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) in diens van NG Welsyn, Potchefstroom.

1. INLEIDING

Seksuele misbruik blyk 'n toenemende probleem te wees binne die gemeenskap aangesien dit op gereelde basis binne die praktyk aangemeld word. Met die komplekse samestelling van hersaamgestelde gesinne kom seksuele misbruik binne hierdie gesinne toenemend voor.

Hierdie artikel fokus op die identifisering van risikofaktore vir intra-familiêre seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne sodat maatskaplike werkers ouers kan bemagtig om seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne te voorkom.

2. PROBLEEMSTELLING

Volgens Lawrence en Janse van Rensburg (2006:128) is seksuele misbruik van kinders, "... any action that violates, humiliates or exploits, or attempts to violate, humiliate or exploit, the bodily integrity or dignity of the complainant which has an element of a sexual nature." Die Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act (32 of 2007) omskryf seksuele misbruik as dat dit plaasvind wanneer 'n persoon 'n kind onder die ouderdom van 18 jaar by 'n seksuele daad betrek, met of sonder die toestemming van die kind. 'n Seksuele daad word deur dieselfde wet beskryf as enige daad van seksuele penetrasie of 'n daad van seksuele skending (sexual violation). "Sexual Violation" word deur dieselfde wet omskryf as enige kontak of indirekte kontak tussen die geslagsdele, anus of borste van een persoon en enige ander deel van die liggaam van 'n ander persoon, insluitend enige voorwerp wat die geslagsdele of anus van 'n ander persoon of dier verteenwoordig.

Volgens Vermeulen en Fouché (2006:14-23) is werklike statistiek rakende die seksuele misbruik van kinders moeilik bepaalbaar, aangesien 70% tot 80% van alle gevalle nooit aangemeld word nie. Laasgenoemde navorsers is verder van mening dat die meerderheid gevalle van seksuele misbruik binne die gesin- en familiesisteem voorkom. Juis as gevolg van laasgenoemde word seksuele misbruik nog minder aangemeld want die biologiese ouer wil nie dít wat die kind sê, glo nie, of die persoon wat die kind seksueel misbruik, skrik die kind met dreigemente daarvan af om dit aan iemand oor te vertel. Seksuele misbruik wat binne familieverband voorkom, staan bekend as intra-familiêre misbruik. Die Social Work Dictionary (2003:154) definieer familie as 'n primêre groep mense wie se lede sekere verantwoordelikhede teenoor mekaar het en gewoonlik dieselfde woning deel.

Berliner en Elliot (2002:57) noem dat opnames oor seksuele misbruik binne die gemeenskap daarop wys dat tussen 6% en 16 % van alle seksuele misbruik deur ouers of stiefouers, binne hersaamgestelde gesinne gepleeg word. In 'n studie wat deur Collings (2008:12) uitgevoer is, was daar 'n "...steady and significant increase in the average age of survivors from 7.7 years to 10.3 years". Wat verder in die studie deur Collings (2008:12) bevind is, is dat een derde van dié slagoffers (34%) deur 'n familielid seksueel misbruik is. Volgens Cawood (2004:1) blyk dit dat dogters 'n hoër risiko op seksuele misbruik dra as seuns deurdat een uit 3 dogters en een uit 5 seuns voor die ouderdom van 18 jaar seksueel misbruik word.

Vir doeleindes van hierdie studie word gefokus op die hersaamgestelde gesin waar slegs een biologiese ouer binne die huishouding teenwoordig is. Visser *et al.* (2003:153) wys daarop dat stieffamilies deel uitmaak van almal se daaglikse lewe en dat die aantal huishoudings met stiefouers en -kinders dramaties toegeneem het. Hulle definieer 'n stiefgesin as 'n huishouding bestaande uit 'n kind wat bloedverwant is aan een van die twee volwassenes. Volgens Visser *et al.* (2003:153) sal 'n derde van alle kinders in Amerika onder die ouderdom van 18 jaar 'n stiefkind in 'n hersaamgestelde gesin wees. Vital Stats SA (2011:4) rapporteer dat minstens 20 980 (12, 5%) huwelike uit 167 264 huwelike in 2011 in egskeiding geëindig het. Ebersohn en Bouwer (2013:1) bevestig dat duisende gesinne jaarliks disintegreer weens egskeiding wat op nuwe familiesisteme uitloop. Volgens Visser *et al.* (2003:160) is hersaamgestelde gesinne meer kompleks van struktuur met 'n groter hoeveelheid ingeboude subsisteme en gevoelens van ambivalensie. Grense is

minder duidelik en stabiliteit ontbreek weens potensiele konflik binne die nuwe huishouding. Die voortdurende verandering in omstandighede lei tot verhoogde spanning en minder eensgesindheid binne die hersaamgestelde gesin.

Met komplekse samestelling van hersaamgestelde gesinne aan die orde van die dag kom seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne, ook tussen kinders, al hoe meer gereeld voor. Volgens die Australian Crime Commission (soos aangehaal deur ABC News, 2012) is bevind dat 40% tot 80% van seksuele misbruik van kinders deur hulle portuurgroep gepleeg word, en dat 'n groot persentasie daarvan intra-familiêr plaasvind. Volgens Kriel (2011) raak kinders in hersaamgestelde gesinne dikwels seksueel betrokke by mekaar omdat die ouers nie genoeg aandag aan die kinders skenk nie. Die kinders ondersteun mekaar aanvanklik emosioneel en sodra hulle puberteit bereik, raak dié interaksie seksueel van aard.

Volgens Rademeyer (2011:15) ondervind sulke kinders dikwels leerprobleme en vind hulle dit moeilik om hulle skoolloopbaan te voltooi. Gedragsprobleme soos impulsiwiteit, hiperaktiwiteit, aggressie, enuresis en ander riskante gedrag is tipies by slagoffers van seksuele misbruik. Hawkes (2010) het bevind dat die aggressor dikwels self 'n slagoffer van verwaarloosing, mishandeling en seksuele misbruik was. Berliner en Elliot (2002:59) bevestig dat seksuele misbruik "n aanduidende risikofaktor is vir 'n verskeidenheid probleme in die kinderjare, maar ook in 'n latere stadium in die volwasse lewe.

Berliner en Elliot (2002:66) noem verder dat die helfte van die moeders van slagoffers van seksuele misbruik, self as kind seksueel misbruik is. Hulle verhouding met hulle kinders is in die algemeen swak en hulle het nie die vermoë om hulle kinders teen seksuele misbruik te beskerm nie. 'n Afwesige moederfiguur en/of 'n ongelukkige gesinslewe met probleme soos geweld, substansmisbruik en psigiatriese probleme, verhoog die risiko vir seksuele misbruik verder.

In gevalle waar moeders die kinders emosioneel ondersteun, sal die kinders se psigologiese en gedragsprobleme wat weens die misbruik ontstaan, waarskynlik afneem. In die algemeen neem die moeder se ondersteuning egter af na gelang van die intensiteit van haar verhouding met die oortreder binne die hersaamgestelde gesin. In gevalle waar die stiefvader of saamleefmaat die oortreder is, is die prognose van kinders na seksuele misbruik swak. Swak ondersteuning van die

moeder is ook meer algemeen wanneer die moeder fisies deur die oortreder mishandel word (Berliner & Elliot, 2002:66).

Volgens Browne en Finklehor (soos aangehaal deur Berliner & Elliot, 2002:66) is daar in hulle navorsing bevind dat wanneer seksuele misbruik deur die vaderfiguur geskied het, hy geweld gebruik het en daar genitale kontak was, dit as een van die mees traumatiese vorme van seksuele misbruik beskou kan word.

Indien die risikofaktore vir seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne geïdentifiseer kan word, kan maatskaplike werkers ouers begelei om seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne te voorkom.

Uit bogenoemde ontstaan die volgende navorsingsvraag:

Wat is die belewenis van maatskaplike werkers van die voorkoms van ekstra-familiêre seksuele misbruik in hersaamgestelde gesinne in die praktyk teenoor intra-familiêre seksuele misbruik in gewone/normale gesinne?

3. DOELSTELLING

Die doel van die studie is om risikofaktore in hersaamgestelde gesinne te identifiseer sodat maatskaplike werkers ouers kan bemagtig om seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne te voorkom.

Doelwit:

Om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek vas te stel wat die risikofaktore in hersaamgestelde gesinne is, wat aanleiding kan gee tot intra-familiêre seksuele misbruik.

4. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Indien hersaamgestelde gesinne voorberei kan word op die risikofaktore van intra-familiêre seksuele misbruik, kan sodanige seksuele misbruik voorkom word.

5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

5.1 Literatuuroorsig

Fouché en Delport (2011:133-141) bevestig die doel van 'n literatuuroorsig as tweeledig. Enersyds dat dit 'n bydrae lewer tot beter begrip van die geïdentifiseerde probleem en andersyds dat dit help om 'n duidelike formulering van die probleemstelling tot stand te bring. Volgens Rubin en Babbie (2005:143) is 'n literatuuroorsig belangrik omdat dit 'n beter insig in die dimensies en kompleksiteit aan die onderwerp sal verleen.

Die Ferdinand Postma Biblioteek aan die Noordwes-Universiteit is as hulpbron benut om inligting te bekom. Daar is gebruik gemaak van vaktydskrifte, navorsingspublikasies, boeke, tydskrifte en internet-inligting. Databasisse soos Social Work Abstract, Social Science Abstract, EBSCO HOST, NEXUS, en SABINET is geraadpleeg. Daar is 'n beperkte hoeveelheid Suid-Afrikaanse data rakende die onderwerp *seksuele misbruik in hersaamgestelde gesinne*; dus is daar hoofsaaklik van buitelandse bronne gebruik gemaak.

Uit die kwalitatiewe data in hierdie ondersoek het die volgende temas voortgevloei:

- Die gesinsamestelling van die gesin waarbinne die seksuele misbruik plaasgevind het.
- Die interpersoonlike verhoudings binne die betrokke gesin.
- Die sosio-ekonomiese omstandighede.
- Die moeder se eie seksuele misbruik as kind.
- Ander maatskaplike wanfunksionering.

5.2 Empiriese ondersoek

New English Usage Dictionary (2001:262) verwys na 'n empiriese ondersoek as prosedures wat gevolg word om die nodige inligting tydens die navorsingsondersoek in te samel, maar wat gelei word deur praktiese ondervinding en observasie eerder as deur teoretiese idees. Tydens die empiriese ondersoek is van 'n kwalitatiewe metode gebruik gemaak om data in te samel, wat geanaliseer en geïnterpreteer is.

5.2.1 Navorsingsontwerp

Botma *et al.* (2010:108) beskryf navorsingsontwerp as die ruggraat van die studie. Dit bied struktuur aan die navorsingsmetodes en besluite wat geneem moet word om die studie te beplan. Greeff (2011:142) bevestig bogenoemde en beskryf navorsingsontwerp as 'n fokus op die eindproduk en al die stappe in die proses om die verwagte uitkoms te bereik.

In hierdie ondersoek is gebruik gemaak van kwalitatiewe navorsingsmetodes. Creswell (2013:44) definieer kwalitatiewe navorsing soos volg:

“Qualitative research begins with assumptions and the use of interpretive/theoretical frameworks that inform the study of research problems addressing the meaning individuals or groups ascribe to a social or human problem. To study this problem, qualitative researchers use an emerging qualitative approach to inquiry, the collection of data in a natural setting sensitive to the people and places under study, and data analysis that is both inductive and deductive and establishes patterns and themes. The final written report or presentation includes the voices of participants, the reflexivity of the researcher, a complex description and interpretation of the problem, and its contribution to the literature or a call for change.”

Kwalitatiewe navorsing kan dus beskryf word as 'n studie deur middel waarvan die navorser 'n onbekende verskynsel bestudeer en eerder fokus op persoonlike waarnemings en terugvoer van die deelnemers as op getalle en statistiek. Data word in 'n natuurlike omgewing ingewin. Die onderhoude met die maatskaplike werkers is in hulle onderskeie kantore gevoer, binne hulle bekende omgewing. Tydens hierdie studie is van die verkennende en interpreterende navorsingsontwerp gebruik gemaak aangesien daar beperkte bronne oor intra-familiêre seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne bestaan. Rubin en Babbie (2005:123) verduidelik dat verkennende studies ten doel het om die onderwerp te verken en inligting en feite in te samel om te verseker dat die onderwerp deeglik gedek word.

Volgens Thorne (2008:26) is die interpreterende navorsingsontwerp gefokus op die ontwikkeling van kennis met die oog daarop om die gaping tussen objektiewe neutraliteit en objektiewe teoretisering te oorbrug en 'n mate van begrip te ontwikkel

vir die gedeelde belangrikheid van die toegepaste dissipline binne die konteks van hulle kenmerkende sosiale mandaat. Babbie en Mouton (2001:28) beskryf dit as 'n benadering wat poog om mense te verstaan.

5.2.2 Navorsingsmetode/Navorsingskonteks en deelnemers

- **Deelnemers**

Volgens Botma *et al.* (2010:199) is die aanduidende faktore in die selektering van deelnemers in kwalitatiewe studie die toepaslikheid (identifisering van die deelnemers wat die beste inligting vir die navorsing kan verskaf) en die geskiktheid of doeltreffendheid (genoeg data om die verskynsel te beskryf) van die data wat beskikbaar is. Die navorser het ses maatskaplike werkers geselekteer uit die bestaande personeel van nie-regeringsorganisasies in die Vaal Driehoek wat bereid was om vrywillig aan die studie deel te neem, en wat voldoen het aan die vereistes van toepaslikheid en geskiktheid vir die doel van die studie. Die deelnemers moes aan die volgende vereistes voldoen:

Die deelnemers was almal Maatskaplike werkers wat binne nie-winsgewende, nie-regeringsorganisasies werk. Hulle werksaamhede is generies van aard, wat beteken dat hulle met 'n verskeidenheid probleme werk en in die een of ander stadium gevalle van seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne hanteer of ondersoek het. Elke deelnemer is versoek om gevalle van intra-familiêre seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne op sy/haar gevallelading te identifiseer met die oog op die navorsingsonderhoud. Hierdie metode van selektering staan volgens Botma *et al.* (2010:203) bekend as 'n doelgerigte steekproef.

- **Data-insameling**

Vir die doel van hierdie ondersoek is data aan die hand van onderhoude ingesamel. Volgens Greeff (2011:343) is onderhoudvoering die oorheersende metode vir data-insameling in kwalitatiewe navorsing en lê die geheim van 'n gestruktureerde onderhoud daarin dat die ervaring van ander mense, asook die betekenis wat hulle daaraan heg, verstaan word. Dit word gebruik om individuele persepsies, opvattinge, feite en voorspellings asook hulle reaksie op bevindinge en potensiële oplossings te bekom (Greeff, 2011:348). Deurtastende onderhoude is gebruik om 'n gedetailleerde beeld te vorm van hersaamgestelde gesinne en risikofaktore binne

hierdie eiesoortige gesinne, wat aanleiding kan gee tot seksuele misbruik. Hersaamgestelde gesinne met wie die respondente in die verlede gewerk het en die uitkoms daarvan is ook bespreek. Greeff (2011:348) beskryf 'n deurtastende ("in-diepte"-) onderhoud as 'n gesprek met 'n doel. Die einddoel is om die ervaring en die betekenis van 'n ondervinding vas te lê. Dit word gebruik om individue se persepsies, opvattinge, reaksies, feite, voorspellings, asook potensiële oplossings te verken.

Die onderhoude is gevoer aan die hand van 'n semi-gestruktureerde skedule met oop-einde vrae om buigsaamheid en spontaniteit binne die onderhoud te verseker. Die onderhoudskedule het bestaan uit 1 vraag wat gefokus het op die area van belang binne die navorsing.

Een vraag is aan die deelnemers gestel en opvolgvrae uit dié vraag is aan die deelnemers gestel. Die onderhoude is met die toestemming van die deelnemers op band opgeneem (sien Bylaag 2). Onderhoude het tussen 20 en 60 minute geduur en aantekeninge is tydens en direk na afloop van die onderhoude gemaak.

Die navorser het al die data nagegaan in 'n poging om dit te organiseer, te kategoriseer en temas te identifiseer. Die geïdentifiseerde temas word bespreek.

Dataversadiging, volgens Botma *et al.* (2010:200) en Strydom (2005:202), is bereik in daardie stadium tydens die onderhoude wanneer dieselfde inligting herhaaldelik gegee word en die navorser dus geen verdere inligting bekom nie. Die studie het dus voortgeduur totdat geen nuwe inligting bekend geword het nie.

- **Data-analise**

Volgens Schurink *et al.* (2011:397) is data-analise die proses om orde te skep asook struktuur en betekenis te gee aan 'n massa ingesamelde data. Die kwalitatiewe data is verwerk aan die hand van Tesch se agt stappe van dataverwerking in Botma *et al.* (2010:224) en word in temas weergegee.

Stap 1: Die transkripsies/notas is deurgelees en aantekeninge is gemaak oor moontlike idees.

Stap 2: Een geval is geselekteer en deurgelees om te bepaal waaroor dit handel en aantekeninge is gemaak.

Stap 3: 'n Lys is saamgestel van alle temas. Temas wat bymekaar pas is saam geplaas.

Stap 4: Elke tema het 'n kode gekry. Daar is deur die res van die gevalle/notas gewerk en die inligting wat bymekaar pas is gekodeer.

Stap 5: Die mees beskrywende woord in die tema is geïdentifiseer en dit is onder 'n kategorie ingedeel.

Stap 6: Alle kategorieë is gemerk en kodes agtermekaar geplaas.

Stap 7: Alle data wat onder een kategorie ressorteer is saam geplaas.

Stap 8: Die oorblywende data is herkodeer.

Die onderhoude is met 'n diktafoon vasgelê, waarna die data getranskribeer is. Alle transkripsies is sorgvuldig deurgewerk en aantekeninge is gemaak waarna 'n temalys saamgestel is. Verskillende kleure is gebruik om die verskillende temas te merk en te kodeer. Data wat tot dieselfde kategorie hoort, is saamgeplaas. Die bevindinge is ooreenkomstig temas beskryf en dit is met die nodige literatuur gekontroleer en gestaaf.

5.2.3 Etiese aspekte

Die deelname van mense aan navorsing bring verskeie etiese probleme na vore. Volgens Strydom (2011:113) behoort navorsing gebaseer te wees op wedersydse vertroue, samewerking en aanvaarding tussen alle betrokke partye in die navorsing. Om inligting in te samel sonder om mense of deelnemers in die proses te benadeel, is gepoog om etiese kwessies soos uiteengesit in Strydom (2011:113-130) in ag te neem:

- **Skending van privaatheid/anonimiteit/vertroulikheid**

Neuman (2000:283) waarsku dat die skending van privaatheid onder geen omstandighede mag plaasvind nie. Die name van die gevalle wat tydens die semi-gestruktureerde onderhoude bespreek is, bly anoniem. Die maatskaplike werkers se antwoorde word anoniem en as vertroulik hanteer en geen identifiserende inligting word bekendgemaak nie.

- **Vrywillige deelname**

Volgens Rubin en Babbie (2005:71) moet deelname ten alle tye vrywillig wees. Deelnemers is telefonies gewerf deur „n tussenganger (gatekeeper) en vrywillige

deelname van maatskaplike werkers is verseker. Geen dwang, bevoordeling of benadeling het voorgekom nie. (Bylaag 3)

- **Misleiding van deelnemers**

Deelnemers is nie mislei deur die verskaffing van verkeerde inligting of die weerhouding van inligting nie. Neuman (2000:229) noem dat misleiding plaasvind wanneer die navorser die deelnemers doelbewus mislei met verbale of skriftelike inligting ten opsigte van die studie. Die deelnemers is telefonies genader deur die tussenganger en dan skriftelik ingelig oor die doel en verloop van die studie asook wat van die deelnemers verwag is. Die deelnemers het sewe dae tyd gehad om te besluit of hulle aan die ondersoek wou deelneem en onsekerhede oor die ondersoek met die Studieleier, prof C Wessels of die Etiekkomitee uit te klaar. Daar sal ook na afloop van die studie aan elkeen van die deelnemers skriftelik terugvoer gegee word oor die bevindinge daarvan maar ook tydens individuele onderhoude sal die bevindinge met elkeen bespreek word.

- **Bevoegdheid van die navorser**

Die navorser moet bevoeg wees om die studie te kan uitvoer aangesien navorsing kan misluk indien die navorser nie goed genoeg gekwalifiseerd of toegerus is nie of indien daar nie voldoende supervisie oor die projek is nie (Strydom, 2011:123). Die navorsing het onder leiding van prof Cornelia Wessels van die Noordwes-Universiteit geskied ten einde te verseker dat die studie op bekwame wyse uitgevoer is.

- **Publikasie van die bevindinge**

Die bevindinge van die ondersoek moet skriftelik bekendgestel word anders sal dit vir die deelnemers van geen waarde wees nie (Strydom, 2011:126). Die deelnemers het toegang tot die bevindinge van die verslag. Die navorser het deurentyd gewaak teen plagiaat.

- **Voorlegging aan die Etiese Komitee van die Noordwes-Universiteit**

Etiese goedkeuring is van die Noordwes-Universiteit se Etiekkomitee bekom. Die projeknommer is NWU-00027-09-A1. Hierdie studie maak deel uit van die sambreelprojek "The development and evaluation of programs and a protocol in Forensic Social Work" en sluit aan by een van die doelstellings in die projek (Bylaag 1).

- **Vertrouenswaardigheid**

Volgens Botma *et al.* (2010:232) word vertrouenswaardigheid as alternatiewe bousteen beskou om geldigheid en betroubaarheid te bewys. Vier eienskappe waaraan aandag geskenk is, is die volgende:

Geloofwaardigheid wat verwys na die kontrole van inligting, verlengde betrokkenheid by die deelnemers en triangulering van data. Die navorser moet sekerheid hê oor die betroubaarheid van die bevindinge met betrekking tot die deelnemers asook die konteks waarbinne die navorsing plaasgevind het (Botma *et al.*, 2010:232).

Oordraagbaarheid word bepaal wanneer die bevindinge van die studie toegepas kan word op ander groepe. Oordraagbaarheid sal bevorder word deur bewys van dataversadiging, ryk beskrywing van data, narratiewe en eie interpretasie van data (Botma *et al.*, 2010:232).

Vertroubaarheid behels die duplisering van die studie binne dieselfde konteks deur gebruik te maak van dieselfde metodes en dieselfde deelnemers. Om vertroubaarheid te verseker het die navorser die volgende ingesluit:

’n Betroubare oudit: die navorser gee ’n gedetailleerde weergawe van hoe data ingesamel is.

’n Beskrywing van die metodologie: wat beplan is en hoe dit uitgevoer is. Die navorser het verseker dat data korrek gekodeer is (Botma *et al.* 2010:232).

Bevestigbaarheid behels dat die navorsingsproses en resultate objektief en vry van vooroordeel van die navorser is. Vir die doel van die studie is notas beskikbaar gestel vir kontrole (Botma *et al.* 2010:232).

6. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

6.1 Risikofaktore

Risiko word deur Intebe (2003:8) definieer as “the probability of low frequency occurrences such as the likelihood of child sexual abuse, with the degree of risk being most accurately construed as existing along a continuum rather than a yes/no dichotomy”. Dit is met ander woorde die gevaar van die voorkoms van laefrekwensie-gebeure, byvoorbeeld seksuele misbruik van kinders.

6.2 Seksuele misbruik

Lawrence en Janse van Rensburg (2006:128) asook die Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act (32 of 2007) omskryf seksuele misbruik van kinders as die gewoonte van 'n persoon om 'n kind onder die ouderdom van 18 jaar by 'n seksuele daad te betrek, met of sonder die toestemming van die kind.

6.3 Hersaamgestelde gesinne

Visher *et al.* (2003:153) definieer 'n hersaamgestelde- of stiefgesin as een kind wat bloedverwant is aan een van die twee volwassenes in die huishouding.

7. LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK

Die volgende leemtes kon na afloop van die navorsingstudie identifiseer word:

- Die navorsingsvraag was baie lank en ongestruktureerd. Deelnemers het dit moeilik gevind om die vraag sonder die hulp van die navorser se aanmoediging en strukturering volledig te beantwoord. Die navorsingsvraag is deur die Etiekkomitee vasgestel.
- Die multidimensionele risikofaktore wat aan die lig gekom het, bied ruimte vir verdere navorsing om risikofaktore vollediger te verreken en meer doelgerigte aanbevelings te maak.
- Daar is min plaaslike resente literatuur beskikbaar, veral oor die rol van die oupas in intra-familiêre seksuele misbruik. Literatuur wat dus gebaseer is op navorsing in ander lande asook literatuur ouer as 10 jaar, is noodgedwonge gebruik.

8. BESPREKING VAN KWALITATIEWE DATA

Tydens die empiriese ondersoek is gebruik gemaak van deurtastende onderhoude met ses maatskaplike werkers in diens van nie-regeringsorganisasies. Die navorser het die belewenisse van deelnemers ten opsigte van die voorkoms van ekstra-

familiêre seksuele misbruik in hersaamgestelde gesinne in die praktyk teenoor intra-familiêre seksuele misbruik in normale/gewone gesinne ondersoek.

Die vraag wat aan die deelnemers gestel is om hulle belewenis te beskryf was soos volg:

Wat is jou belewenis as maatskaplike werker van die voorkoms van ekstra-familiêre seksuele misbruik in hersaamgestelde gesinne in die praktyk teenoor intra-familiêre seksuele misbruik in gewone/normale gesinne en wat sien jy as die risikofaktore vir seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne?

Tydens die onderhoude is die deelnemers aangespoor/aangemoedig om uit te brei op hulle antwoorde deur verdere verkenning van die antwoorde. Die inligting is in vyf hooftemas verwerk. Dit was by sommige temas noodsaaklik om die ryk data wat verkry is in sub-temas te verdeel en dit sal sodanig bespreek word. Die bespreking word aan die hand van verwysing na deelnemers se verbatim-response en relevante literatuurkontrolle gedoen.

8.1 Tema 1: Gesinsamestelling

Uit die vraag wat aan die deelnemers gestel is, het die gesinsamestelling van die hersaamgestelde gesin eerste in die bespreking na vore gekom. Hieruit het 'n aantal sub-temas na vore gekom en sal vervolgens bespreek word.

8.1.1 Subtema 1: Stiefdogters in die hersaamgestelde gesin

- “die biologiese pa is oorlede, die stiefpa het die oudste dogter verkrag. En hy het saam met die vrou nog twee dogters.”
- “Die stiefpa en die ma is getroud. Hulle het saam 'n dogter. Daar is glad nie seksuele misbruik teenoor haar nie, maar daar is 'n stiefdogter, die ma se eerste kind, en sy is nou dertien”.
- Die mamma was getroud met hierdie man, maar die dogter wat seksueel misbruik word, is haar buite-egtelike kind”.
- “Die stiefpa vind haar (die stiefdogter) fisies meer aantreklik as wat hy die ma vind”.
- “By hersaamgestelde gesinne dink ek dit is die stiefpa, of baie keer is hulle nie eers getroud nie, dan is dit die saamleefmaat of lewensmaat. Ek dink dit kom

nogal meer voor as in jou normale gesin. Ek dink in die normale gesin word baie van die goeters nie bekend nie. Dit word toegehou”.

- “Ek dink dit is definitief ’n hoër frekwensie vir die hersaamgestelde gesinne met die saamleefmaat as die oortreder...”.

Volgens die deelnemers is daar definitief ’n hoër voorkoms van seksuele misbruik in hersaamgestelde gesinne met ’n stiefvader as in normale gesinne tussen ’n biologiese pa en sy dogter. Die rede waarom die deelnemers dit kan sê, is dat hulle meer aanmeldings ontvang van seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne as van normale gesinne. Dit blyk dus dat tienerdogters in hersaamgestelde gesinne ’n hoër risiko loop om seksueel misbruik te word. Die moeders in nie-tradisionele gesinne, spesifiek enkelouer- en stiefvader-gesinne, is meer geneig om ’n geskiedenis van seksuele misbruik te toon as moeders in normale gesinne (Roberts *et al.*, 2004:525-545).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die deelnemers se ervaring van stiefvader-stiefdogterverhoudings is dat daar nie altyd ’n normale, gesonde verhouding bestaan tussen hulle nie. Waar dit ’n ouer-kindverhouding moet wees waarin versorging en sekuriteit gebied moet word, is daar soms eerder ’n soort liefdesverhouding tussen stiefvader en stiefdogter. Redes hiervoor mag wees dat die stiefvader nie uit die staanspoor betrokke was by die stiefdogter se versorging nie en hy moontlik kan redeneer dat sy niks van hom is nie en hy sy gedrag so kan regverdig.

8.1.2 Sub-tema 2: Grootvaders in uitgebreide gesinne

Dit het ook na vore gekom dat daar dikwels ’n oupa in die hersaamgestelde gesin teenwoordig is en deur die deelnemers as ’n oortreder beskou word.

- “Ek dink dis ’n oom of iemand wat in die gesin woon, ’n oupa wat kom kuier. Dit is maar familie. Dit is nie noodwendig dat dit ’n vreemde een is nie.”
- “By my is dit baie meer oupas. By my is dit regtig gereelde kontak met ’n oupa, of ’n oupa wat in ’n gesin inwoon.”
- “...in normale gesinne is die oortreder die biologiese pa, of die materne oupa in die een geval”
- “ek kan nie sê watter een meer algemeen voorkom nie, maar oupas is nogal ’n groot ding”.

“Intra” word deur die New English Usage Dictionary (2001:433) beskryf as “binne-in”. Seksuele misbruik wat binne-in familieverband voorkom, word as intra-familiêre misbruik beskou. Uit bogenoemde is dit duidelik dat seksuele misbruik deur ’n oupa ook moontlik binne die hersaamgestelde gesin kan voorkom. Dit mag wees dat die oupa by die hersaamgestelde gesin inwoon en maklike toegang het tot sy kleinkinders. In sulke gevalle ontstaan daar onmiddellik die vraag of die dogter van die oupa nie ook seksueel misbruik is nie. Die beskikbare literatuur is nie baie reserant nie maar die navorser is van mening dat dit tog nodig is om daarna te verwys. Die literatuur bevestig deur Goodwin *et al.* (1983:163-170) “Grandfather-granddaughter incest accounts for about 10% of all reported cases of intra-familial childhood sexual abuse. In a sample of 10 such cases, all referrals came from mothers of the child victims; six of these mothers had themselves been abused in childhood by the perpetrator.... there is some justification for the fears expressed by adult incest victims about visitation between their children and the father-perpetrator”, asook deur Leslie (1992:735-741): “a vast majority of victims are female, a large share of abusive grandfathers appear to also have been sexually abusive fathers, and step grandchildren appear to experience greater risk”.

8.2 Tema 2: Inter persoonlike verhoudings

Interpersoonlike verhoudings is ’n tema wat deurlopend deur die deelnemers gemeld is.

8.2.1 Sub-tema 1: Ma-dogterverhouding

Die verhouding tussen die slagoffer en die biologiese moeder word deur die respondente soos volg beskryf:

- “Ek sou sê ambivalent. ...sy vertou nie haar kinders nie. ... aan die ander kant wil hulle eintlik glo wat die mans vir hulle sê. Hulle probeer dinge regverdig”.
- “hierdie dogter het al baie vir haar ma gesê hierdie “pa” misbruik haar seksueel. En sy glo haar net nie. Sy sê net, maar dit kan nie waar wees nie...”
- “meeste van hulle is glad nie so ingestel op daardie kinders om enigsins eers ’n verandering agter te kom wanneer hulle begin sien maar daar is uitvalle nie. Dis eers wanneer dit “major” is. Wanneer hulle eintlik nou nie meer daai kind wil hê nie, wanneer hulle besef maar hierso is fout”.

- “dit is nie ’n hegte band nie, dit is nie ’n emosionele sterk band nie”.
- “baie kere maak die mamma mos nou half asof hulle dit nie sien nie”.
- “Sy het nie ’n goeie verhouding met die kind gehad nie. Die kind het uiteindelik self weggeloop”.

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die deelnemers se belewenis van die moeder-dogterverhouding nie altyd ’n gesonde verhouding is nie; veral in gevalle waar seksuele misbruik deur die stiefvader voorkom. Die feit dat die ma nie die kind wil glo, indien sy die seksuele misbruik teenoor haar openbaar nie, dra verder by tot hulle swak verhouding. Terwyl die dogter erkenning, beskerming en versorging van haar ma verwag, word sy verwerp. Laasgenoemde word bevestig deur Cyr (2002:957-973) wat noem dat die moeder se respons op die onthulling van seksuele misbruik van haar dogter direk afhang van wat haar verhouding met die oortreder is. Wanneer die stiefvader die oortreder is, kom dit voor of die ma minder beskerming aan die dogter bied en eerder die vrede in die huis wil bewaar deur niks omtrent die misbruik te doen nie.

Die deelnemers se belewenis is verder dat ma’s hulle rug draai op hulle dogters se onthullings omdat hulle enersyds dit gerieflikheidshalwe doen omdat hulle self seksueel koud staan teenoor hulle eggenoot en andersyds omdat hulle nie hulle finansiële sekuriteit wil verloor nie. Die moontlikheid dat die ma self ook seksueel misbruik is en nog nooit haar eie trauma verwerk het nie kan moontlik ook tot die swak ma-dogterverhouding bydrae. Roberts *et al.* (2004:525-545) noem dat as ’n kind seksueel misbruik is, dit langtermyngevolge het vir die geestesgesondheid van die ouer asook vir die ouer-kindverhouding in die volgende generasie. Black *et al.* (2001:203-209) bevestig verder dat swak ouer-kindverhoudings, spesifiek moeder-dogterverhoudings, kinders se risiko vir seksuele misbruik verhoog.

8.2.2 Sub-tema 2: Stiefvader-stiefdogterverhouding

Uit die belewenisse van die deelnemers blyk die verhouding tussen die stiefdogter en stiefpa gepaard te gaan met multidimensionele risiko’s.

- “juis oor sy so ’n swak verhouding met haar mamma het, dat sy eerder negatiewe aandag sal vat as wat sy geen aandag kry nie.”

- “want die ma sê sy sal eerder met die man praat as wat sy met haar praat. Sy wil nie met haar praat nie, sy wil haar nie drukkies gee nie, maar dan lê sy so op hierdie man”.
- “dit was toe nou die stiefpa...sy vrou slaap nie meer in die kamer nie, maar die dogter van veertien slaap saam met haar stiefpa. ...”.
- “... as die stiefpa of lewensmaat dit doen, dat hy sou sê maar ek is niks van hierdie kind nie. Daarom kan ek dit doen, of daarom doen ek dit”.

Die deelnemers meen enersyds dat 'n swak verhouding tussen 'n ma en haar dogter die dogter moontlik nader aan die stiefpa kan bring, alhoewel dit nie 'n gesonde verhouding is nie en andersyds mag die ma die dogter as substituuat vir haar beskou om haar eggenoot se seksuele behoeftes te bevredig. Volgens Coleman *et al.* (2000:1288-1302) loop kinders in gesinne met spesifiek stiefvaders 'n hoër risiko vir seksuele misbruik. Ouers besef nie dat dit in geen verhouding 'n gesonde situasie is dat dogters en ouers een bed deel nie.

Claxton-Oldfield en Whitt (2003:30) bevestig dat 'n verhoogde risiko vir misbruik van stiefkinders bestaan aangesien die stiefouer minder tyd en energie aan die versorging van 'n onverwante kind afstaan as aan sy eie biologiese kind. Hulle ontwikkel dus nie 'n sterk emosionele band met die stiefdogter nie en voel waarskynlik nie verantwoordelik vir haar emosionele en fisiese veiligheid nie. Om laasgenoemde rede sal die oortreder nie skuldig voel oor die misbruik nie aangesien hy hom nie as 'n ouerfiguur beskou nie en hom daarom nie steur aan die stigma verbonde aan of verbod op bloedskaande nie.

8.3 Tema 3: Sosio-ekonomiese omstandighede

Die sosio-ekonomiese omstandighede het die deelnemers as 'n belangrike risiko voorgehou en kan in die volgende sub-temas ingedeel word:

8.3.1 Sub-tema 1: Behuising

- “hulle is afhanklik van die manne, en hulle word emosioneel ook gemanipuleer deur die mans”.
- “Vrouens wat nêrens het om heen te gaan nie”.

- “Sy vermoed dit, maar ignoreer die “mingling” gevoelens, want sy weet nie wat sy sal doen en hoe sy sal optree as dit so is nie, en waarheen volgende, as sy afhanklik is van hierdie man”.
- “die oomblik toe hy haar kind klaar gemolesteer het, toe sit sy hom uit die huis uit, toe adverteer sy in die koerant of daar nie ’n man is wat vir haar blyplek het nie.”
- “Baie van daai gesinne woon in een kamer, dan is dit hierdie seksuele goed wat voor die kinders gebeur”.
- “Geen grense. Die kind aanskou seksuele daade, en deel baie keer ook ’n slaapruiimte. Gebrek aan privaatheid”.
- “bly in ’n eenslaapkamer-woonstel met al drie kinders op een bed saam met ma en „pa””.
- “ek dink die meeste van daardie ma”s wat ek ken werk nie, so hulle is finansiëel afhanklik van die oortreder. Hulle bly maar stil om ’n dakkie oor hulle kop te hê want hulle het nie ander alternatiewe om heen te gaan nie”.
- “Ek dink daar is eenvoudig vrouens wat nie alleen kan wees nie; los die een dan gryp die ander een, hulle moet tog asseblief tog net ’n man hê om aan te klou, en moet net ’n huisietjie hê, ongeag wat die impak daarvan is”.

Volgens die deelnemers is die aard van die behuising van die gesin definitief ’n risikofaktor vir seksuele misbruik. Groot gesinne of families wat in klein eenvertrek-eenhede woon, stel die kinders bloot aan seksuele aktiwiteit en daar is geen persoonlike grense of privaatheid nie. Roberts *et al.* (2004:525-545) bevestig laasgenoemde wanneer hy noem dat daar ’n beduidende verband bestaan tussen oorbewoning en vroue wat seksuele misbruik as kind aangemeld het. Hy bevestig dat oorbewoning in komplekse stiefgesinne ’n sleutelfaktor is wat in ag geneem moet word by die voorkoms van seksuele misbruik en dat sosio-ekonomiese klas en omgewingsinvloede/omstandighede ’n belangrike rol speel.

’n Ander faktor wat ’n beduidende rol speel, is die moeder se finansiële afhanklikheid van die oortreder en dat sy eerder die misbruik sal ontken of die vrede in die huis sal wil bewaar omdat sy nie weet waarheen sy en haar kind sal gaan indien die misbruik aangemeld en die oortreder vervolg word nie. Feiring *et al.* (soos aangehaal deur Yancy & Hansen, 2010:410-421) bevestig dit deur sy bevinding dat moeders wat nie

hulle dogters emosioneel ondersteun na onthulling van seksuele misbruik nie, die oortreder gewoonlik die enigste broodwinner in die gesin was.

8.3.2 Sub-tema 2: Werksomstandighede

- “Ek kan regtig nie sê dit is net sub-ekonomies nie. Nee dit is middelklas....”.
- “Ek sal sê dit is gemiddeld en onder”
- “Beide ouers is min by die huis. Sosio-ekonomies is hulle maar so ’n bietjie ondermiddelklas”.
- “...„extreme poverty” en slegte waardesisteme”.
- “Beide ouers het redelik goeie werke, maar die kinders is baie alleen; Hierdie dogter veral moet baie verantwoordelikheid in die huis vat ... as hy voor ma by die huis kom, dan roep hy haar kamer toe...”
- “maar ek dink mamma is nie so betrokke nie as gevolg van werk. Werksure, jy weet, dit is ook ’n risikofaktor. Ma en oudste dogter se verhouding is nie baie goed nie.”

Die deelnemers is oortuig daarvan dat armoede bykans ’n deurlopende faktor is in intra-familiêre seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne. Die nie-oortredende ouer se werksomstandighede speel ook ’n rol, byvoorbeeld die moeder werk lang ure of werk skofte en die betrokke kind word dan alleen in die sorg van die oortreder gelaat terwyl sy by die werk is. Le Roux (2000:36) steun hierdie stelling deur sy bevinding dat seksuele misbruik meer gereeld voorkom by gesinne wat hulle in laer sosio-ekonomiese omstandighede bevind.

Black *et al.* (2000:203-229) noem verder dat gemeenskappe met ’n hoër persentasie armoede ’n hoër persentasie seksuele misbruik as ander gemeenskappe ondervind. ’n Laer inkomste en ouerlike beroepstatus het ’n beduidend hoër persentasie seksuele misbruik onder kinder slagoffers opgelewer. Volgens Roberts *et al.* (2004:525-545) hou vroue wat as kinders seksueel misbruik is se opvoedingspeil nie noodwendig verband met die misbruik van hulle deur ander toe die slagoffers van seksuele misbruik nog kinders was nie, maar wel hulle huidige huishoudelike inkomste, aangesien die aanmeldingsyfer van seksuele misbruik op kinders afgeneem het met verhoogde huishoudelike inkomste. Laasgenoemde bevestig dan

weereens die rol van finansiële afhanklikheid van die nie-oortredende ouer van die seksueel misbruikte kind.

8.4 Tema 4: Moeder se eie ervaringe as slagoffer van seksuele misbruik

Deelnemers was dit eens dat moeders wat self seksueel misbruik is en nooit terapie ontvang het nie, om 'n verskeidenheid redes tog 'n risiko loop om hulle misbruikte dogters nie te kan ondersteun nie.

- “Ek dink die ma se vaardigheid is nie so goed nie, want sy was as kind ook seksueel misbruik”...
- “ek het gevra of was sy vir terapie, toe sê sy nee, maar dit is vergete en vergewe. Hulle wil nie terug gaan soontoe nie. Dit is vergeet, maar as jy in ander aspekte van hulle lewe begin werk, dan trek dit altyd deur nahierdie insident toe”.
- “dit is 'n kringloop. My ma was misbruik, ek was misbruik, my ma het nie gegaan vir terapie nie, sy het nie kennis gedra dat sy my moes stuur vir terapie nie. Ek het my ma gesê, maar sy het niks gesê nie want sy wou nie die familie omkrap nie”.
- “saam daarmee gaan nou die ding wat ons ook sien is dat die mamma se seksuele misbruik as kind nooit geopenbaar is nie, of dat dit nooit gesê is nie en dat 'n mens dit dalk nou eers agterkom wanneer hierdie kind misbruik is”.
- “Dis maar eintlik die reël as so iets gebeur, dan begin ek kyk wat het gebeur in mamma se lewe dat hierdie goed onder haar dak gebeur het of met haar kind gebeur het”.
- “'n Mens moet nooit vergeet nie, as jy gemolesteer is en jou kind word gemolesteer dan „trigger” dit jou eie trauma van jou eie molestering”.
- “ek dink hulle het nog nooit hulle eie trauma verwerk nie”.
- “sy was vreeslik aggressief toe sy sê „wat met my gebeur het, ek nog nooit in my lewe vir iemand gesê nie en niemand sal dit hoor nie, verstaan jy vir my?” en toe begin sy huil”
- “sy het 'n onvermoë om haar eie kinders te beskerm. Ek dink hulle speel weer die rol van slagoffer maar nie regtig die kind nie”.

- “Hulle weet nie hoe om dit te hanteer nie. Ek dink regtig rondom dit is daar baie leiding wat gegee moet word aan ouers, wat jy moet doen as jy uitvind of vermoed ’n kind word seksueel misbruik, die nasorg, die terapie”.

Uit die deelnemers se response is dit duidelik dat ’n beduidende getal van die slagoffers van seksuele misbruik se moeders self as kinders slagoffers van seksuele misbruik was. Hierdie moeders het oor die algemeen nie ingeskakel vir terapie nie, met die gevolg dat hulle nie hulle eie trauma verwerk het nie. Met die onthulling van hulle eie kinders se seksuele misbruik beleef hulle waarskynlik weer hulle eie trauma en kan hulle hulle kinders dan nie ondersteun nie.

Breckenridge (2006:57-72) dui aan dat meer moeders wat as kinders seksueel misbruik is, posttraumatische stres beleef wanneer hulle eie kind seksuele misbruik bekend maak, as wat die geval is by moeders wat nie as kind seksueel misbruik is nie. Brick (2005) noem dat “survivors” moontlik op ’n jong ouderdom kinders het en nie oor die nodige ouerskapvaardighede of emosionele volwassenheid beskik om hulle kinders te beskerm nie en daarom nie ’n vaste emosionele binding met hulle kinders vorm nie. Laasgenoemde moeders is dan waarskynlik nie ingestel op hulle kinders se gedrag, vordering of emosionele toestand nie, en reageer nie op enige tekens van moontlike seksuele misbruik nie.

8.5 Tema 5: Ander maatskaplike wanfunksionering

- “swak kommunikasie...vining trou...praat nie oor hulle geskiedenis en waar hulle vandaan kom nie”.
- “swak konflikhantering. Hulle kan nie konflik hanteer nie, so hulle ontduik dit. So hulle vra nie vrae nie”.
- “Glad nie ouerskapvaardighede nie”.
- “maar meer in terme van gesinsgeweld, want dan is hierdie vrou so bang vir hierdie man dat sy maar eerder niks sê nie”.
- alkoholmisbruik, gesinsgeweld, jy weet, hierdie seksuele misbruik. Daar is maar half ’n faktor in elke situasie wat jy hanteer. Of hulle dit nou bekend maak of nie”.
- “ander goed wat ’n rol speel soos alkohol en dwelms”.
- “... want die oupa het pornografie gedoen met die kindertjies en dan kyk die ooms dit”.

- “ook kinderpornografie”.
- “hulle twee was altyd onder die invloed van alkohol of dwelms, mamma het depressie en kry epilepsie”.
- ’n ma kan mos byvoorbeeld alkohol misbruik deurdat sy dalk dink of weet haar man lol met ander vroue of ander kinders. En dat dit haar „coping skills” is”.

Die deelnemers maak melding van maatskaplike wanfunksionering binne hierdie gesinne wat swak kommunikasie, gesinskonflik, gesinsgeweld, alkoholmisbruik, swak ouerskapvaardighede en pornografie insluit. Dit is duidelik uit bogenoemde dat die betrokke gesinne uit komplekse samestellings bestaan met risiko’s op multidimensionele vlakke. Volgens Shah *et al.* (2008:45-61) word substans misbruik, familiestruktuur, geslag van die kind en geskiedenis van vorige seksuele misbruik geassosieer met die moontlikheid van seksuele misbruik binne ’n familie. Le Roux (2000:36) bevestig dat waar seksuele misbruik van ’n kind gepaard gaan met die misbruik van alkohol die oortreder gewoonlik alkohol misbruik in ’n poging om die spanning wat hy ervaar/beleef, te verlig.

9. GEVOLGTREKKING

Uit die studie kom die navorser tot die gevolgtrekking dat die risiko’s vir seksuele misbruik in hersaamgestelde gesinne kompleks en multidimensioneel van aard is en dat daar ’n verskeidenheid faktore is wat die risiko’s verhoog.

Dit wil voorkom of intra-familiêre seksuele misbruik meer gereeld in die praktyk voorkom as ekstra-familiêre misbruik, in beide gewone en hersaamgestelde gesinne. Dit blyk dat ’n bekende binne die familie, hetsy ’n bloedverwant of aangetroude familielid, eerder die oortreder is as ’n vreemdeling.

In hersaamgestelde gesinne blyk die stiefpa of moeder se saamleefmaat die mees waarskynlike oortreder te wees. In uitgebreide gesinne, normale gesinne of hersaamgestelde gesinne blyk die oupa wat by die gesin woon, of gereelde kontak met die kinders het, ook in baie gevalle die oortreder te wees.

Stiefdogters wat swak verhoudings en emosionele bindinge met hulle moeders het, gee dikwels aanleiding daartoe dat die moeders nie die dogters glo na onthulling van seksuele misbruik nie en daarom nie die nodige ondersteuning aan die slagoffers gee nie. Die dogter beleef met ander woorde verwerping, wat die verwerking van

haar eie trauma kan bemoeilik. Moeders ignoreer dikwels die seksuele misbruik van haar dogter omdat dit seksuele druk van haarself afneem. Die erkenning van die seksuele misbruik sal vereis dat sy dit moet hanteer, wat kan impliseer dat sy onder andere haar finansiële sekuriteit kan verloor.

Die feit dat 'n stiefvader of saamleefmaat nie van 'n jong ouderdom af by die basiese versorging van die kinders betrokke was nie, en daarom nie 'n vaste emosionele binding met die kinders het nie, kan meebring dat hy nie verantwoordelik voel vir die kind se veiligheid nie en hom ook nie steur aan die verbod op bloedsbande nie. Die moeder se fisiese voorkoms en versorging asook moontlik seksuele afsydigheid teenoor die oortreder kan aanleiding gee daartoe dat hy sy attenties op die stiefdogter rig.

Swak sosio-ekonomiese omstandighede, byvoorbeeld armoede, werkloosheid, lang werksure en die moeder se finansiële afhanklikheid van die oortreder is bydraende faktore tot verhoogde risiko vir seksuele misbruik. Armoede gee aanleiding tot swak huislike omstandighede, wat dikwels lei tot oorbewoning waar geen privaatheid en persoonlike grense bestaan nie.

Dit blyk duidelik dat feit dat die moeder self as kind 'n slagoffer van seksuele misbruik was haar bykans lam lê in 'n situasie waarin sy haar eie dogter se onthulling van seksuele misbruik moet hanteer en dat sy dikwels eerder die misbruik ontken as dat sy die kind emosioneel ondersteun. Indien die moeder finansieel afhanklik is van die oortreder, is sy dikwels nog meer teësinnig om dit aan te meld en dienoooreenkomstig op te tree om die oortreder te vervolg.

Dit kom duidelik na vore dat seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne talle verskillende dimensies toon en dat daar verskeie risikofaktore is wat 'n aanduiding van moontlike seksuele misbruik kan wees. Ander faktore wat ook 'n rol kan speel, is swak kommunikasievaardighede, gesinskonflik, gesinsgeweld, alkohol- en dwelmmisbruik, swak ouerskapvaardighede en pornografie.

10. AANBEVELING

Op grond van die voorgaande bevindinge en gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings gemaak:

- Gesien in die lig van gesinsamestelling, interpersoonlike verhoudings, die moeders se eie seksuele misbruik as kinders, sosio-ekonomiese omstandighede en verskeie ander maatskaplike wanfunksionering binne hersaamgestelde gesinne wat die risiko's vir seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne verhoog, behoort daar eerstens 'n meetinstrument saamgestel of ontwikkel te word om die maatskaplike werker wat by die gesin betrokke is, in staat stel om die risiko vir moontlike seksuele misbruik te bepaal.
- "Evidence-based" terapeutiese programme moet ontwikkel word met die oog daarop om nie alleen die dogters terapie te help nie maar ook moeders wie se dogters seksueel misbruik word om die langtermyngevolge te verminder.
- Dit is duidelik dat daar nie genoegsame navorsing beskikbaar is oor die grootvader as oortreder nie en dit moet dringend aandag geniet.
- 'n Volledige voorkomings- en vroeë-intervensieprogram moet ontwikkel word vir die moontlike slagoffer, die moontlike oortreder, die moeder en die gesin sodat die maatskaplike werkers ouers kan bemaatig om seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne te voorkom. Kommunikasie, luistervaardighede, konflikthantering en ouerskapvaardighede in hersaamgestelde gesinne behoort besondere aandag te geniet in so 'n program.
- Aangesien dit nie duidelik is of die oortreder of die potensiële oortreder by so 'n program sal inskakel nie, behoort daar eerder op die moontlike slagoffers binne hersaamgestelde gesinne gefokus te word. Hierdie kinders moet in staat gestel word om moontlike risiko-omstandighede of -faktore binne hulle huishouding te kan identifiseer en moet bemaatig word om dit te kan hanteer of dit aan te meld.
- Kinderpornografie, dwelm- en alkoholmisbruik asook depressie by die moeder moet by voorbaat aandag geniet in hersaamgestelde gesinne.

11. SAMEVATTING

Die studie is onderneem om risikofaktore in hersaamgestelde gesinne te identifiseer sodat maatskaplike werkers ouers kan bemaatig om seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne te voorkom.

Aan die hand van 'n empiriese ondersoek is die volgende risikofaktore vir seksuele misbruik binne die hersaamgestelde gesin geïdentifiseer:

- Gesinsamestelling met 'n stiefdogter en/oupa in die gesin
- Interpersoonlike verhoudings met spesifieke verwysing na die moeder-dogterverhouding asook die stiefvader-stiefdogterverhouding
- Sosio-ekonomiese omstandighede wat behuising en werksomstandighede insluit
- Moeder se eie ervaring as slagoffer van seksuele misbruik as kind
- Ander maatskaplike wanfunksionering wat swak kommunikasie, gesinskonflik, gesinsgeweld, alkohol en dwelmmisbruik, swak ouerskapvaardighede asook pornografie insluit.

Die gevolgtrekking is dat seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne verskeie dimensies het en dat daar verskeie risikofaktore is wat aanduidend kan wees van moontlike seksuele misbruik.

Die aanbeveling is dat daar 'n meetinstrument ontwikkel moet word om die risikofaktore binne hersaamgestelde gesinne te bepaal en dat daar in die lig daarvan 'n volledige voorkomings- en vroeë-intervensieprogram ontwikkel moet word sodat maatskaplike werkers ouers kan bemagtig om seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne te voorkom.

12. BIBLIOGRAFIE

Australia. Australian Crime Commission. 2012. Spotlight on children abusing children: ABC News: <http://www.abc.net.au/news/2012-11-27/spotlight-on-children-abusing> 28 Nov. Datum van gebruik: 15 Febr 2013.

Babbie, E. & Mouton, J. 2001. The practice of social research. Cape Town: Oxford University Press.

Berliner, L. & Elliot, D.M. 2002. Sexual abuse of children (*In The APSAC Handbook on Child Maltreatment*. California: Sage Publications. p. 55-78).

Black, A. Heyman, R.E. & Smith Slep, A.M. 2001. Risk factors for child sexual abuse. *Agression and Violent Behaviour*, 6(2):203-229.

Botma, Y., Greeff, M., Mulaudzi, M. & Wright, S. 2010. Research in Health Sciences. Cape Town: Pearson Education South Africa (Pty) Ltd. p. 182-238.

Breckenridge, J. 2006. "Speaking of mothers..." A critique of the literature discussing mothers who have a history of child sexual abuse. *Journal of child sexual abuse*. 15(2):57-72.

Brick, N.D. 2005. How Childhood sexual abuse affects interpersonal relationships. S.M.A.R.T. <http://ritualabuse.us.research/sexualabuse/how> Datum van gebruik: 15 Februarie 2014.

Cawood, L. 2004. Childline"s Research Report, Johannesburg: Childline Crisisline. <http://www.childline.org.za> Datum van gebruik: 15 Februarie 2014.

Claxton-Oldfield, S & Whitt, L. 2003. Child abuse in stepfather families: do people think it occurs more often than it does in biological father families. *Journal of Divorce & Remarriage*, 40(1/2):17-32.

Coleman, M. Ganoang, L. & Fine, M. 2000. Reinvestigating remarriage: another decade of progress. *Journal of Marriage and the family*, 62:1288-1307.

Collings, S.J. 2008. Temporal trends in the nature and scope of reported cases of child sexual abuse in KwaZulu-Natal, South Africa. *Child Abuse Research in South Africa*, 9(1):11-14

Creswell, J.W. 2013. Qualitative inquiry & research design: choosing among five approaches. California: SAGE Publications, Inc.

Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act (32 of 2007)
kyk South Africa

Cyr, M. Wright, J. McDuff, P & Perron, A. 2002. Intrafamilial sexual abuse: brother-sister incest does not differ from father-daughter and stepfather-stepdaughter incest. *Child Abuse and Neglect*, 26:957-973.

Ebersohn, S. & Bouwer, C. 2013. An exploratory study on the utilization of resilience by middle adolescents in reconstituted families following divorce. *South African Journal of Education*, 33(2):1-13.

Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. In-depth review of literature. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L., ed. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 133-141).

Greeff, M. 2011. Information collection: interviewing. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L., ed. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Publishers).*

Goodwin, J. Cornier, L. & Owen, J. 1983. Grandfather – granddaughter incest: A Trigenerational View. *Child Abuse & Neglect*, 7(2):163-170.

Hawkes, C. 2010. What drives a child to commit sexual abuse. *Independent*: 24 Oct. <http://www.independent.co.uk/commercial/newyork> Datum van gebruik: 5 Mei 2013.

Intebe, I. 2003. Child Sexual Abuse: Risk factors. *Child sexual abuse Research in South Africa*, 4:8-11.

Lawrence, B. & Janse van Rensburg K. 2006. Forms of sexual abuse and the practical implications of applying South African law to sexual offences cases. (*In Spies, G.M., ed. Sexual abuse. Dynamics, assessment & healing. Pretoria: Van Schaik Publishers. 127-150p.*)

Leslie, M. 1992. Sexual abuse by grandparents. *Child abuse and neglect: The international Journal*, 16(5):735-741. (Abstract).

Kriel, E. 2011. Child on child rape: the most shocking crime of all. *The Witness*. 2 Apr. <http://www.witness.co.za/index.php?showcontent> Datum van gebruik: 11 Febr 2014.

Le Roux, J. 2000. Causes of child abuse: What does the literature indicate?. *CARSA*, 1(2):36.

Neuman, W.L. 2000. Social Research Methods: qualitative and quantitative approaches. London: Allyn & Bacon.

New English Usage Dictionary. 2001. 6th ed. Northlands: Nolwazi Educational Publishers (Pty) Ltd.

Rademeyer, M. 2011. Wanneer „n tienjarige verkrag. *Beeld*, 6 Jan.

<http://www.beeld.com/ln> Datum van gebruik: 14 Febr. 2013.

Roberts, R. O'Connor, T Dunn, J. & Golding, J. 2004. The effects of child sexual abuse in later family life; mental health, parenting and adjusting offspring. *Child Abuse and Neglect*, 28:525-545.

Rubin, A. & Babbie, E. 2005. Research methods for social work, 5th ed. Australia: Thomson Brooks/Cokkel.

Schurink, W. Fouche, C.B & De Vos, A.S. 2011. Qualitative data analysis and interpretation. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L., ed. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Publishers).

Shah, R.Z., Dail, P.W. & Heinrichs, T. 2008. Familial influences upon the occurrence of childhood sexual abuse. *Journal of Child Sexual Abuse*, 4(4):45-61.

Stats SA **kyk** South Africa

South-Afrika. 2007. Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act 23 of 2007.

South Africa. 2011. Vital Statistics: 2

Strydom, H. 2005. Sampling and sampling methods. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L., ed. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 192-204).

Strydom, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L., ed. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 113-129).

The Social Work Dictionary. 2003. 5th ed. Washington DC. NASW Press.

Vermeulen, A. & Fouché, C.B. 2006. The relevance of family structure to the victim-perpetrator relationship in child sexual abuse in South Africa. *Child sexual abuse Research in South Africa*, 7(1):14-23.

Thorne, S. 2008. Interpretive description. Walnut Creek, CA: Left Coast Press.

Visher, E.B. Visher, J.S. & Pasley, K. 2003. Remarriage families and stepparenting. New York: Guilford Press.

Wette **kyk** South-Afrika

Yancy, C.T. Naufel, K.Z. & Hansen, D.J. 2010. The relationship of personal, family, and abuse-specific factors to children's clinical presentation following childhood sexual abuse. *Journal of family violence*, 28:31-42.

BYLAAG 1- BRIEF VAN GOEDKEURING



Private Bag X6001, Potchefstroom
South Africa 2520

Tel 018 299 1111/2222
Web <http://www.nwu.ac.za>

Prof CC Wessels
Social Work

Faculty of Health Sciences
Tel 018-299 2092
Fax 018-299 2088
Email Minnie.Greeff@nwu.ac.za

4 September 2014

Dear Prof CC Wessels

Ethics Application: NWU-00027-09-A1 "The development and evaluation of programs and a protocol in Forensic Social Work"

Thank you for amending your application. All ethical concerns have now been addressed and the sub-study "Identifisering van riskofaktore van seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne" has been approved until 30/06/2015.

One of the reviewers suggested that the direct and indirect benefits could be included in the written informed consent form and that the risk-benefit ratio could also be explained.

Yours sincerely

Prof Minnie Greeff
Health Research Ethics Committee Chairperson

Original detail: Prof Minnie Greeff(10187308) C:\UserS13210572\Documents\IETEK\2009 ETHICS\NWU-00027-09-A1 (CC Wessels-L Rood) - Approval letter.docm
4 September 2014

File reference: 9 153

BYLAAG 2: TOESTEMMING VAN MAATSKAPLIKE WERKERS



Faculty of Health Sciences

TITEL VAN NAVORSINGSPROJEK:

Identifisering van risikofaktore van seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne.

TOESTEMMING VAN MAATSKAPLIKE WERKER

Ek, Lisl Roodt, is „n MSW-student in Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk aan die Noordwes Universiteit wat navorsing doen oor Intra-familiêre seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne. My studieleier is Prof C Wessels. Die volgende inligting word verskaf ten opsigte van die studie om u instaat te stel om „n ingeligte besluit te neem. U word uitgenooi om vrywillig deel te neem aan die navorsing omdat ek van mening is dat u „n waardevolle bydrae kan lewer tot nuwe kennis.

1. DIE DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die studie is om risiko faktore vir seksuele misbruik in hersaamgestelde gesinne te identifiseer wat maatskaplike werkers instaat sal stel om hersaamgestelde gesinne te bemagtig om intra-familiêre seksuele misbruik te voorkom.

2. PROSEDURE

Indien u instem tot deelname aan die studie, sal die volgende prosedure van u verwag word:

- „n Geskikte tyd en plek vir die onderhoude sal met u geskeduleer word. Die onderhoud sal in „n kantoor plaasvind wat vir u gemaklik is en waar vertroulikheid gehandhaaf kan word. Die onderhoud sal ongeveer een uur duur.
- U sal skriftelike toestemming moet verleen om deel te neem aan die navorsing.

- Deelname is vrywillig en u kan te enige tyd onttrek totdat data finaal verwerk is, dan kan u nie meer onttrek nie.
- Die onderhoud sal op band opgeneem word ter staving van notas wat geneem sal word. Skriftelike toestemming word benodig vir die opname.

3. RISIKO'S

U naam of die klient se naam wat bespreek word sal op geen stadium in enige verwysing in die studie gebruik word nie. Slegs die navorser en studieleier sal toegang hê tot die inligting wat deur deelnemers verskaf is.

Alle data wat ingesamel word tydens die ondersoek sal gestoor word op „n rekenaar met „n beskermde toegangskode en die getranskribeerde data sal beskerm word deurdat dit toegesluit sal word in „n kluis in „n stoorkamer van die Vakgroep Maatskaplike Werk (Noordwes Universiteit, Potchefstroom Kampus) vir ten minste 3 jaar.

4. VOORDELE VAN DIE NAVORSING

Die voordele van die studie sal wees om die risiko faktore vir seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne te bepaal sodat maatskaplike werkers ouers kan bemagtig om seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne te voorkom. Maatskaplike werkers sal dit met groot sukses in hulle werk kan toepas en so voorkomend kan optree in hersaamgestelde gesinne. U deelname in die ondersoek kan ook vir u „n verrykende ervaring wees en u motiveer om binne professionele werksverband meer „evidence based" op te tree.

5. KOSTE VERBONDE

Daar sal geen onkoste vir u wees as gevolg van u deelname aan die navorsing nie.

6. VERGOEDING

U sal geen vergoeding ontvang vir deelname aan die studie nie.

7. VRAE

U is welkom om enige vrae aan die navorser te vra voordat „n besluit geneem word om toestemming tot deelname te gee. U is ook welkom om die studieleier of die Etiekkomitee te kontak indien enige verdere navrae rakende deelname aan die

navorsing ontstaan. Prof C Wessels se kontakbesonderhede is: 018 2991683 of die Etiekkomitee via Mev Carolien van Zyl, 018 299 2094.

8. TERUGVOERING VAN RESULTATE

Die finale verslag met bevindinge en aanbevelings sal in artikel formaat vervat word en aan u verskaf word. Daar sal „n geleentheid geskep word waar die artikel met u bespreek word om sodoende nuwe kennis in die vakgebied te versprei.

BYLAAG 3: TOESTEMMINGSVORM

TOESTEMMINGSVORM VIR MAATSKAPLIKE WERKERS

DEELNAME AAN HIERDIE STUDIE IS VRYWILLIG

Dit staan u vry om te weier om aan hierdie studie deel te neem, of ter enige tyd aan die studie te onttrek, selfs indien u reeds toestemming tot deelname gegee het, sonder enige negatiewe gevolge.

Indien u bereid sou wees om aan die studie deel te neem, word u vriendelik versoek om onderstaande toestemmingsvorm te teken.

Ek _____ gee hiermee vrywillig toestemming tot deelname aan die genoemde studie. Ek is nie op enige manier gedwing om aan die studie deel te neem nie. Ek verstaan dat ek ter enige tyd aan die studie kan onttrek, maar ongelukkig nie nadat die data annoniem geïntegreer en opgeneem is nie. Ek verstaan dat my eie naam, asook die naam van die organisasie in wie se diens ek is, nie bekend gemaak sal word nie. Ek verstaan dat alle inligting as vertroulik hanteer sal word. Ek is bewus van die moontlike voor- en nadele van die studie. Indien ek verdere vrae het, sal iemand beskikbaar wees om dit te hanteer.

DEELNEMER

DATUM

NAVORSER

DATUM

BYLAAG 4: VRAELYS

Identifisering van risikofaktore van seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne

VRAAG

Wat is jou belewenis as maatskaplike werker van die voorkoms van ekstra-familiêre seksuele misbruik in hersaamgestelde gesinne in die praktyk teenoor intra-familiêre seksuele misbruik in gewone/normale gesinne en wat sien jy as die risiko faktore vir seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne?

Dankie vir u samewerking

LISL ROODT



6 November 2014

Hiermee verklaar ek, me Cecilia van der Walt, dat ek die taalversorging van die artikel van me Lisl Roodt, onder die opskrif *Identifisering van risikofaktore van seksuele misbruik binne hersaamgestelde gesinne* behartig het.

ME CECILIA VAN DER WALT

BA (*Cum Laude*)

HOD (*Cum Laude*),

Plus Taalversorging en vertaling op Hons-vlak (*Cum Laude*),

Plus Akkreditering by SAVI vir Afrikaans en Vertaling

Registrasienommer by SAVI: 1000228

E-pos-adres: ceciliavdw@lantic.net

Selnommer: 072-616 4943 (S)

Faksnommer: 086 578 1425